
# KRAAIE OOR DIE WAPAD



deur Braam le Roux

TEMMERS VAN DIE WOESTYN – No. 38

## INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I | Moord In Die Wapad ... ... ... | 7 |
| II | 'n Ontvoering ... ... ... ... | 22 |
| III | Vasgekeer ... ... ... ... ... | 35 |
| IV | Sambok-geveg ... ... ... ... | 48 |
| V | In Doodsangs ... ... ... ... | 60 |
| VI | „Ras Gee Oor!" ... ... ... ... | 74 |
| VII | 'n Sak Vol Velle ... ... ... ... | 85 |
| VIII | Die Vonnis ... ... ... ... | 99 |

## HOOFSTUK I

# MOORD IN DIE WAPAD

TOE Kobie Ras en Hannah, vaal van die stof, op 'n stappie in die stowwerige, verlate straatjie van Springbok afgery kom, meen Kobie dat dit beswaarlik in die buurt warmer kan wees as in die verskroeiende veld, maar toe hy voor die windskeef-sinkgeboutjie van Donker se natgeswete rug afgly en by die deur instap waarop die woord „kroeg" in swart letters skeef en krom pryk, verander hy heel gou van gedagte. Die geboutjie is eenvoudig 'n kokende pot. Hy voel duidelik die hittegolf teen sy gesig slaan soos die sinkplate dit van alle kante op hom skyn te konsentreer.

Hy gaan teenaan die houtbank staan, haal sy breërandhoed van sy kop af en slaak 'n langgerekte „soe" terwyl hy rondkyk op soek na die kroegman.

Hy hoor 'n geskuifel van voete agter die toonbank, gevolg deur 'n geritsel van papier. 'n Koerant stoot 'n ent agter die toonbank op, verdwyn, en 'n rooi bebaarde gesig gevolg deur 'n groot skedel gekroon deur 'n bos woeste deurmekaar vaal hare verrys hier voor Kobie se gesig.

„Ja?" Die stem is grof en dit lyk asof die eienaar daarvan bra vies voel omdat hy onder die koerant moes uitkruip waar hy sy skedel ingedruk het, waarskynlik vir beskerming teen die versengende hitte.

„'n Koeldrankie asseblief," sê Kobie beleef.

Twee hamarms leun op die toonbank, die rooi gesig beweeg bietjie nader na Kobie toe en die swaar stem sê: „Het ek reg gehoor?"

Kobie glimlag. „O, ja, heeltemal."

„'n Koeldrankie?" Die kroegman rol die woord oor sy dik lippe asof dit hom totaal vreemd voorkom. „Vreemdeling, voel jy heeltemal gesond? Ek meen te sê . . ."

„'n Koeldrankie, al is dit ook nie te koel nie," val Kobie hom in die rede. Daar is skielik iets in die frisgeboude jongman se stem en 'n blik in sy blou oë wat die ander kêrel vinnig orent laat ruk uit sy luilekker-houding.

„Seker, seker," brom hy en vroetel onder die toonbank rond.

„Koel sal dit nie wees nie, maar probeer maar." Die skorheid is effens uit die stem uit.

„Dit lyk my my bestelling het jou bietjie verras," merk Kobie op.

Hy vee die straaltjies sweet met sy sakdoek van sy gesig af en proe-proe aan die louwarm „koeldrankie."

„Verras?" Die dikke vee ook met sy plathand die glimmende sweet voor by sy oopnekhemp van sy harige bors af en stoot 'n lag soos 'n aanrollende brander uit. „Vreemdeling, die laaste keer dat ek die woordjie koeldrank gehoor het was toe ek as 'n seuntjie van vyf jaar deur my ma in 'n kafee in Kaapstad ingedruk is. Die mynwerkers van Namakwaland en ander werkers hier, sal hulle slap lag as ek vanaand vir hulle vertel dat 'n man . . . terloops mag ek verneem wat die van is?"

Asof hy die vraag nie gehoor het nie, sê Kobie : „Ek is eintlik op soek na 'n bietjie inligting."

Die dikke leun weer met 'n gekraak van toonbankplanke op sy arms. „Wel, dit hang af van watter soort inligting jy soek. As dit gaan oor die moontlikhede van prospekteer na koper, dan sê ek nou vir jou : jou kanse is so goed soos enige ander man s'n en . . . e . . . verskoon my dat ek dit sê, maar jy lyk nie vir my na 'n prospekteerder nie. Jy sien daar . . . e . . . hoe sal ek sê . . . wel, te gesond uit, geen drankaartjies langs die wange, geen sakkies onder die oë en so aan nie."

Kobie glimlag en vertoon 'n ry sterk haelwit tande. „Jy ken jou mense," sê hy en draai die glas al in die rondte tussen sy gespierde vingers. „Ek is nie 'n prospekteerder nie. Ek soek iets heelwat anders as koper of watter soort metaal ook al."

„Hé? Dit klink interessant. Wat soek jy en dit op 'n tyd van die dag wanneer selfs die kraaie afsien van hulle spreekwoordelike gapery?"



„Ek soek inligting in verband met daardie Hottentotkaptein Gert Martyn, ook bekend as die Geelslang, meneer . . . e . . ."

„Shorty Weiss, is die naam," help die ander hom dadelik aan.

„Kry 'n drankie," nooi Kobie hom toe hy merk hoe die rooigesig al in die rigting van die bottels kyk.

„Gaaf. Dankie. Kan ek iets anders as . . ."

„Net wat jy wil," sê Kobie. „Elkeen na sy smaak."

Met verbasende spoed, ten spyte van sy gesette liggaam help Shorty homself.

„Betaal maar vir een dop," lag hy, nou die ene vriendelikheid, „die res kan ou Selwinski afskryf as ‚wegvloeiende kapitaal'."

Die kroegman neem 'n diep teug, klap sy lippe onder sy breë snor en sê : „Jy soek inligting oor daardie vuilgoed Geelslang, hè?"

Kobie knik.

„Die rede?"

„Sy bende het twee broers De Wet, vriende van my, vermoor onderwyl hulle met waens vol negosie op pad Port Nolloth toe was. Vir jou is die miskien ou nuus, maar ons het dit onlangs eers verneem."

„Wie is ‚ons'?" Weiss se ogies raak kleiner.

„Hoekom vra jy?" Kobie skenk al sy aandag aan sy drankie. „Miskien 'n . . . bekende van Geelslang?"

„Wat sê jy daar?" Shorty Weiss pak die toonbank asof hy nou-nou daaroor gaan spring en die man gaan bydam. „Lyk ek vir jou na die soort vuilgoed wat gemene saak met Hottentotte maak? Jy moenie dink omdat jy in hierdie maalstroom van die aarde se gespuis aangeland het dat almal sonder beginsels is nie, kêreltjie. Gaan vra vir enige delwer wat Shorty ken—en wie ken my nie . . ."

„Toe maar," keer Kobie met 'n handgebaar, „ek wou net seker maak. Ek het al te veel kennis gemaak met daardie ‚gespuis' soos jy hulle noem—daarom my ietwat beledigende opmerking. Ek vra om verskoning, Shorty."

„Ek sou so dink," kom dit uit die hoogte. „Ewewel, wie is die ‚ons' van wie jy praat?"

„Hoekom so begaan daaroor?" terg Kobie. Hy hou van die dikke. „Gooi vir jou nog een," las hy by.

„Hoekom? Magtie man, tensy jy 'n hele leër agter jou het, kan jy maar vergeet om Martyn te probeer aantas, as dit dalk jou plan was, hoor."

„Ek het so 'n idee gehad," sê Kobie kalm terwyl Shorty homself weer ruimskoots help.

„Vergeet dit." Die glasie word weer lelik skrikgemaak voordat Shorty vervolg : „Ek begryp die wêreld nie. Hierdie Gert Martyn roof, moor en plunder al wat boer of smous is, en die delwers is so behep met net een ding, en dis koper, dat hulle net hul skouers optrek vir die Baster se plundertogte. Maar laat ‚Malchus' Sweeney net hul geld roof, dan moet jy hulle hoor! Jy sien . . ."

„Los nou eers vir Malchus," keer Kobie. „Vertel my waar, dink jy, kan ek die Geelslang op die lyf loop?"

„Man, is dit jou erns?"

„Beslis."

„Hoe sterk is jou gevolg?"

„Wel dit bestaan uit myself en my assistent, 'n dametjie . . ."

„Luister, los die koeldrank. Dit maak 'n mens se verstand beneweld! Jy en 'n dame van alle mense . . ."

„Shorty, het jy al ooit gehoor van 'n man met die naam van Kobie Ras en sy vriendin Hannah Fouché wat . . .?"

Maar Kobie moet sy sin los toe Shorty met albei vuiste so hard op die toonbank slaan dat sowel sy koeldrankie as Weiss se brandewyn omkantel. „Maar hoekom het jy dit nie eerder gesê nie? Kobie Ras en Hannah!" Shorty staan eintlik 'n entjie agteruit om sy besoeker gade te slaan. „Kobie Ras in lewende lywe en hier in Springbok! „Waar . . . waar is sy?" hakkel hy agterna.

„Sy het solank haar perd nuwe hoefysters laat aansit by die smit hier anderkant. Hy lyk vir my na 'n baster."

„Ja, hy is. Salie Ford is sy naam. Beslaan ál Malchus en sy kliek se ryperde ook en . . ."

„Wanneer was Geelslang laas in hierdie geweste?" druk Kobie hom weer van sy geliefkoosde onderwerp af.



„Hy en sy bende kom selde op die dorpie hier en as hulle kom, is hulle ewe ordentlik, maar moenie vra wat aangaan as hulle hier padgee nie! Hulle het al togryers binne vyf myl van Springbok af uitgemoor. Die ammunisie en ryperde hou hulle natuurlik—vat dit saam met hulle die Kamagasberge in. Die negosie en trekdiere verkoop hulle in Port Nolloth aan die mynwerkers en dergelyke. En vir die geld koop hulle natuurlik nog meer skietgoed. Ek sê vir jou, Ras, daardie bende is sterk, uitgeslaap en moorddadig."

„Hoe sterk is hulle?"

„Toe ek laas gehoor het, by die 25 man, maar hul getalle kon intussen aangegroei het, sover ek weet."

„Maar kan die togryers nie 'n plan maak . . ." begin Kobie, maar Shorty Weiss skaterlag sinies voordat hy sê : „Ek sien jy ken die man wat jy agterna wil sit, nog swakkerig, Ras."

„Daarom het ek hier 'n draai kom ry in die hoop om bietjie meer van Gert Martyn en sy kliek te hore te kom, Shorty."

„Jy het by die regte man aangeklop," sê hy. „Kyk, Gert Berg se spioene is die wêreld vol en hy sal nooit 'n aanval op tou sit as hy weet dat hy taamlik swaar teenstand gaan kry nie, nie die Geelslang nie. En so kan geen vyand hom agtervolg sonder dat hy dit te hore kom nie en dan maak hy hom net tydelik skaars—die Kamagaswêreld in en watter Boer in hierdie kontrei waar almal moet spartel om te lewe, kan dit bekostig om maande lank op kommando te gaan net om die Geelslang te probeer uitroei? Dit is afgesien van die vraag hoe lank dit sal duur om uiteindelik so 'n sterk gewapende mag bymekaar te kry. Nee, alles is in die Geelslang se guns, glo my. En daar is nog 'n ander saak wat ewe-eens baie in die Hottentotbende se guns is, Ras."

„So?" Kobie proe weer 'n slaggie aan die koeldrank wat al warmer skyn te word.

„Ja, en dis hierdie Malchus en sy kliek, vriend. Daar word selfs gemeen, hoewel daar geen bewys voor is nie, dat daar een of ander soort verstandhouding tussen Malchus en die Geelslang is."

„Dit klink onheilspellend. Vertel bietjie," moedig Kobie hom aan.

„Malchus en sy klomp rowers—hulle is sowat twaalf man sterk, verstaan ek, lê hulle uitsluitlik toe op die roof van harde munt—die lone van die delwers wat die onderskeie mynmaatskappye van Port Nolloth af hierheen stuur en ook na Okiep en ander omliggende plekke waar koper gedelf word. Eers is die lone per kapkar gestuur maar toe het Malchus-hulle so maklik die koetsiers en hul paar gewapende man oorval dat die geld nou per spesiale ruiters gestuur word—tot soveel as £1,200 en meer op 'n slag, hoor. Maar dit baat net mooi niks. Elke maand is dit maar weer so : die mynwerkers wag op hul lone, en dis swaar verdiende geld, glo my, maar al wat hulle kry, is net die nuus dat Malchus weer toegeslaan en met alles daarmee heen is."

„Maar hoe weet hy so presies wanneer die geld gestuur word?"

„A, nou raak jy die kern van die hele sakie aan, Ras. Hoe weet hy? Die geld word opsetlik nie altyd op dieselfde tye versend nie en nie twee keer met dieselfde roete nie en tog : Malchus stroop hulle elke keer, sowaar."

„Dan moet hy baie wakker spioene iewers aanhou, moontlik in Port Nolloth," meen Kobie.

„Net so, maar hoewel die delwers al links en regs help spoorsny het, was dit nog altyd neusie verby."

„Maar kan die delwers nie saamspan en hom en die bende uitwis nie?"

„Dink jy as hulle kon, hulle dit nie al sou gedoen het nie?" Weiss skink nou sommer ongevraag vir hom 'n dop waarvoor Kobie geredelik betaal. Die inligting wat hy hier oppik, is vir hom die paar sjielings werd.

„Ons het so pas gepraat oor die Geelslang. Wel die Aasvoëls—dis die bynaam vir Malchus Sweeney se spul omdat hulle soos aasvoëls uit die bloue hemel op hul prooi toesak—het skynbaar geen vaste tuiste nie. As hulle een het, weet niemand waar dit is nie. Hoe gaan jy nou die hele Noordweste deursoek na 'n bende terwyl jy nie eens weet waar hulle uithang of waar hulle die volgende keer gaan toeslaan nie, hè?"



„H'm, ja, dis 'n probleem daardie," gee Kobie toe. „Maar sê my, vriend, hoekom dink jy of die mense dan dat Malchus en die Geelslang kop in een mus is?"

„Omdat mens jou nie kan voorstel dat twee sulke genadelose bendes in dieselfde kontrei bedrywig kan wees sonder om ooit mekaar in die oë te krap nie en tot dusver het Malchus en Geelslang nog nooit slaags geraak nie, hoewel albei van 'n mens se lewe presies minder as niks dink nie. Afgesien daarvan : dit het al verskeie kere gebeur dat Malchus se Aasvoëls op 'n trekgeselskap afkom, al die kontant opeis en laat vat—hulle raak nie aan negosie of trek- of slagdiere nie. Net af en toe sal hulle 'n goeie ryperd vat as hulle een teëkom. Wel, skaars is die Aasvoëls weg of hier kom die Geelslang en sy woestaards en maak skoonskip van al wat leef. Dit gebeur kort-kort, te dikwels om blote toeval te wees."

Kobie knik met sy kop, maar sê niks. Hy dink egter 'n bars. As Shorty se inligting juis is, en hy het geen rede om dit te betwyfel nie, is daar nie net een Geelslang in die gras nie, maar sommer 'n hele handvol ongediertes. Hy kan goed begryp waarom die Aasvoëls nie met vee en so aan lol nie : dit sal hul spoed te kwaai belemmer. Maar uit sy kennis van hierdie soort skurke weet Kobie ook dat Malchus nie vir die pret vee en negosie wat baie geld verteenwoordig, sal laat agterbly vir die Geelslang om net maar te vat nie. Dat die Geelslang vir hierdie ‚geskenke' in die een of ander vorm moet betaal, dis seker.

„Hier is nie miskien mense wat al onder òf die Geelslang òf Malchus Sweeney deurgeloop het nie?" vra Kobie.

Shorty lag weer so 'n keer uit die dieptes van sy ruime buik.

„Die Geelslang laat nie oorlewendes waar hy toeslaan nie, vriend Ras. Die inligting wat ek jou meegedeel het, is stukkies en brokkies wat deur die maande heen ingesamel is, meestal van ou swerwervolkies wat af en toe vaal van die honger hier uitslaan en in hul omswerwinge toevallig op een of albei van die bendes afgekom het maar natuurlik slim genoeg was om op 'n

afstand te bly. Natuurlik laat Malchus, wat soos 'n walvis kan vog sluk, ook in die kroeë so af en toe genoeg val om twee en twee bymekaar te sit. Wel?" en Shorty kyk Kobie vraend aan, „wat dink jy gaan jy en Hannah Fouché uitrig teen sulke skobbejakke?"

Kobie haal sy breë skouers op. „Op die oomblik sal ons moet wag, meen ek, totdat ons weer hoor van 'n aanslag hier in die buurt. Om sommer blindelings die wildernis in te trek, sal tydmors wees. Kyk, ek wil net gaan kyk hoe ver die jong met die beslanery is, dan kom ek Hannah gou aan jou voorstel. Jou inligting is vir ons waardevol, Shorty."

„Doen dit gerus man. Ek sien uit daarna om die kranige dame te ontmoet. Ek sal intussen die koelste koeldrankie vir haar uitsoek," en hy sak ook sommer weg agter die toonbank.

„Haai," skreeu Shorty skielik net toe Kobie by die deur wil uitstap na Donker toe wat roerloos buite staan.

„Wat skeel?" Kobie draai om.

„Ek dink nou net aan nog iets. Die smid, Salie Ford het 'n broer, Thys, wat by 'n fonteintjie met name Rooiklip, 'n paar myl wes hiervandaan met 'n klompie bokke boer, as jy dit boer kan noem." Hy kyk Kobie met byna toe ogies aan.

Kobie besef dat Shorty iets wil laat deurskemer. Hy dink rats en sê :

„Shorty, as Thys Ford met bokke boer, hoe is dit dan dat sy bokke nie deur die Geelslang aangekeer word nie? Of is hulle kondisie te hopeloos swak?"

„Swak? Hy het fonteinwater en die veld is vanjaar vir 'n bok nogal redelik. Nee, sy bokke is vet. Hy vertel kwansuis dat hy kort-kort bokke verloor en hy gee te kenne dat dit die Geelslang se werk is, maar ek sê vir jou, ás dit die Geelslang is, was Thys Ford lankal 'n lyk. Die bendeleier hou immers nie daarvan dat mense allerlei stories oor hom moet rond vertel nie!"

„Kuier hy en sy broer, die smid, dikwels oor en weer of weet jy nie?"



Weer kry die arme toonbank twee vuishoue van Shorty voordat hy sê : „Sowaar, Ras, noudat jy dit vra : ek het nog nooit daaraan gedink nie, maar noudat ek wel daaraan dink, vind ek dit baie koddig, ja sommer erg eienaardig. Die twee broers sien mekaar nooit, in elk geval nie hier op Springbok nie. Salie vertel wel dat hy party naweke na sy broer Thys toe ry, maar jy weet hoe die ou nasie kan lieg, hè?"

„Ja. Wel miskien moet ek nader kennis maak met Salie Ford en sy boeta," en Kobie stap uit.

Hannah klim net van Fleur se rug af hier buite.

„Is jy nog nugter?" spot sy toe sy naderkom. Die kolwe van die twee vuurwapens aan haar sye glinster in die son. Sy skuif die verkyker om haar nek reg en trek haar breërandkappie nog 'n bietjie dieper oor haar voorkop om die hittige son van haar gesig af te hou.

„Kom, ek gaan jou aan iemand voorstel," sê hy en draai in sy spore om. „Hy het my een en ander vertel wat interessant is."

Shorty se oë wil-wil onder die woeste wenkbroue uitpeul toe hy 'n meisie so tot die tande gewapen ingestap sien kom.

„Hannah, dis mnr. Shorty Weiss. Shorty dis . . ." maar Shorty storm agter sy toonbank uit om Hannah se hand behoorlik te skud.

„Ek kan my verkyk aan jou," sê hy spontaan. „Ai, ek wens dit was aand sodat die mynwerkers jou kan sien—vir julle albei. Gits, sal hulle nie hul oë uitvryf nie. Ek hoop julle vertoef 'n rukkie hier," voeg hy by en storm weer om die toonbank om vir Hannah 'n koeldrank te kry.

„Dit sal bloot van die omstandighede afhang," sê Kobie. „Shorty vertel Hannah bietjie wat jy my so pas vertel het aangaande die Geelslang en die Aasvoëls."

„Seker, seker." Shorty kyk na Kobie en toe rak se kant toe. Kobie knik. „Vir my weer 'n koeldrankie," sê hy om Shorty te troos.

„Wel, sien die saak is van dié soort," begin Shorty, sy geselsluim mooi aangewakker deur die voggies. „En